STELLENBOSCH MUNISIPALITEIT

OPENBARE KENNISGEWING INGEVOLGE AFDELING 84 VAN DIE STELLENBOSCH MUNISIPALE WATERDIENSTEVERORDENING, 2017

Hiermee word kennis gegee dat Stellenbosch Munisipaliteit na Vlak 5-waterbeperkings beweeg. Die kennisgewing geld vanaf 22 September 2017 en die Vlak 5-beperkings is soos volg:

VLAK 5-WATERBEPERKINGS

Die Munisipaliteit van Stellenbosch sal Vlak 5-waterbeperkings implementeer vanaf 22 September 2017 tot verdere kennisgewing.

BEPERKINGS VAN TOEPASSING OP ALLE KLIËNTE

• Alle watergebruikers word vereis om nie meer as 87 liter munisipale drinkwater per persoon per dag te gebruik nie, ongeag u by die huis, die werk of elders is.

• Geen natmaak/besproeiing met munisipale drinkwater word toegelaat nie. Dit sluit in natmaak/besproeiing van blombeddings, grasperke, groente, landbougewasse, ander plante, sportvelde, gholfbane, skole, opvoedkundige fasiliteite, kwekerye, parke en ander oop ruimtes, kliënte betrokke in landbou-aktiwiteite, ens. (Kwekerye en kliënte betrokke in landbou-aktiwiteite of met historiese tuine kan aansoek doen om vrystelling. Vir meer inligting, besoek www.stellenbosch.gov.za.)

• Munisipale departemente mag slegs sportvelde, parke, ens. natmaak met nie-drinkwater en op dae en tye soos ooreengekom met die Afdeling vir Water en Sanitasie.

• Fasiliteite/kliënte wat van boorgatwater, behandelde afvalwater, fonteinwater, besproeiingswater of putte gebruik maak, word aangemoedig om nie nat te maak of te besproei binne sewe dae na reënval wat voldoende versadiging verskaf het nie.

• Alle boorgate en putte moet geregistreer word by Stellenbosch Munisipaliteit en moet die amptelike Stellenbosch Munisipaliteit-teken vertoon sodat dit duidelik sigbaar is vanaf ’n openbare deurgang. Besoek www.stellenbosch.gov.za vir hoe om te registreer.

• Boorgat-/put-/besproeiingswater moet effektief gebruik word om vermorsing en verdamping te verhoed. Boorgat-/put-/besproeiingswatergebruikers word ten sterkste aanmoedig om slegs op Dinsdae en Saterdae voor 09:00 of na 18:00 vir ’n maksimum een uur nat te maak of te besproei.

• Alle eiendomme waar alternatiewe, nie-drinkwaterhulpbronne gebruik word (insluitend opgaar van reënwater, gryswater, behandelde rioolwater, besproeiingswater en fonteinwater) moet tekens wat dit aandui vertoon waar dit duidelik sigbaar is vanaf ’n openbare deurgang. Besoek www.stellenbosch.gov.za vir verdere inligting.

• Geen was of afspoel met munisipale drinkwater van harde oppervlakke of geplaveide areas word toegelaat nie. Gebruikers soos abattoirs, voedselverwerkingsbedrywe, sorgfasiliteite, diereskuilings en ander bedrywe of fasiliteite met spesiale behoeftes (slegs gesondheid-/veiligheidsverwant) moet aansoek doen om vrystelling. Vir meer inligting, besoek www.stellenbosch.gov.za.

• Die gebruik van munisipale drinkwater vir ornamentele waterfonteine of waterpunte is verbode.

• Geen volmaak (met die hand of outomaties) van swembaddens word toegelaat nie, selfs indien dit ’n swembadbedekking het. Dit sluit in die volmaak van nuwe swembaddens of die hervul van ’n bestaande swembad na herstelwerk. Dit geld vir alle swembaddens, insluitend openbare swembaddens en swembaddens by klubs, ondernemings en instellings. Die konstruksie van nuwe swembaddens word ontmoedig terwyl vlak 5-beperkings geld.

BEPERKINGS VAN TOEPASSING OP RESIDENSIËLE KLIËNTE

• Enkel- residensiële eiendomme (huishoudelike voltariefkategorie) wat meer as 20 000 liter (20 kl) per maand gebruik, tensy die totaal van 87 l per persoon per dag die 20 kl totaal oorskry, in welke geval die totale berekende hoeveelheid nie oorskry moet word nie, sal aanspreeklik wees vir ’n erkenning-van-skuld-boete ooreenkomstig die verskeie afdelings van die Waterdiensteverordening. (Sien nota 1 hieronder.)

• Kompleksontwikkelings (bv. woonstelle en behuisingskomplekse) wat meer as ’n gemiddeld van 20 kl per residensiële eenheid per maand gebruik, sal aanspreeklik wees vir ’n erkenning-van-skuld-boete ooreenkomstig die verskeie afdelings van die Waterdiensteverordening. (Sien nota 1 hieronder.)

• Geen was van voertuie, sleepwaens, karavane of bote met munisipale drinkwater word toegelaat nie. Dit moet met nie-drinkwater gewas word of skoongemaak word met waterlose produkte of droëstoom-skoonmaakprosesse.

• Kliënte word sterk aangemoedig om water-effektiewe parte, passtukke en tegnologieë te installeer om watergebruik by alle krane, stortkoppe en ander loodgieterskomponente te minimaliseer.

• U word aangemoedig om toilette te spoel (bv. met die hand deur ’n emmer te gebruik) met gryswater, reënwater of ander nie-drinkwater.

• Die gebruik van draagbare of tydelike speelswembadjies word verbied.

• Geen verhoging van die behoeftige watertoekenning bo die gratis 300 liter per dag sal toegestaan word nie, tensy deur vroeëre aansoek en toestemming vir spesifieke gebeurtenisse soos begrafnisseremonies.

• Geregistreerde gastehuise mag aansoek doen vir ’n vrystelling, maar sal dan vereis word om die verbruik van water te verminder tot ten minste 30% onder die verbruik vir die 2016 jaar gedurende dieselfde tyd.

Versuim om saam te werk, is ’n oortreding ingevolge die Munisipale Waterdiensteverordening, 2017 (of soos gewysig). Die aangeklaagde sal aanspreeklik wees vir erkenning-van-skuld-boetes en/of, ooreenkomstig afdeling 84(c), ’n installering van ’n waterbestuurtoestel(le) op persele waar nienakoming voorkom. Die koste hiervoor sal vir die relevante rekeninghouer se rekening wees. Hierdie voorwaarde is effektief vanaf 22 September 2017.

BEPERKINGS VAN TOEPASSING OP NIE-RESIDENSIËLE KLIËNTE

• Alle kommersiële eiendomme moet verseker dat hulle maandelikse verbruik van munisipale drinkwater verminder word met 20% in vergelyking met verbruik vir die 2016 jaar.

• Alle landbougebruikers moet verseker dat hulle maandelikse verbruik van munisipale drinkwater verminder word met 30% in vergelyking met gebruik vir die 2016 jaar.

• Geen was van voertuie (insluitend taxi's), sleepwaens, karavane of bote met munisipale drinkwater word toegelaat nie. Dit moet met nie-drinkwater gewas word of skoongemaak word met waterlose produkte of droëstoom-skoonmaakprosesse. Dit geld vir sowel formele as informele was van karre.

• Die gebruik van spuitparke word verbied.

• Kliënte moet water-effektiewe parte, passtukke en tegnologieë installeer om watergebruik by alle krane, stortkoppe en ander loodgieterskomponente in openbare plekke minimaliseer en alle waterverordeningsvereistes nakom.

• Geen nuwe parkaanlegte of sportvelde mag gevestig word nie, tensy dit slegs met nie-drinkwater besproei word.

•Vir gebruikers wat water ontvang ingevolge spesiale kontrakte (notariële dokumente, waterdiensbemiddelaars of waterdiensverskaffers), sal die kontrakvoorwaardes geld.

Die koste van die beperkingstoestel sal vir die relevante rekeninghouer se rekening wees.

Versuim om saam te werk, is 'n oortreding ingevolge die Munisipale Waterdiensteverordening, 2017 (of soos gewysig). Die aangeklaagde sal aanspreeklik wees vir erkenning-van-skuld-boetes en/of, ooreenkomstig afdeling 84(c), 'n installering van 'n waterbestuurtoestel(le) op persele waar nienakoming voorkom. Die koste hiervoor sal vir die relevante rekeninghouer se rekening wees. Hierdie voorwaarde is effektief vanaf 22 September 2017.

NOTA 1

Kliënte met goeie redes vir hoër gebruik moet aan die Munisipaliteit voldoende beëdigde motivering verskaf om hulle hoër gebruik te regverdig.

Ander beperkende maatreëls, nie hierbo uiteengesit nie, soos gestipuleer deur die Waterdiensteverordening, 2017 (of soos gewysig) geld steeds. Kwytskeldings uitgereik onder Vlak 4B-beperkings geld steeds, onderhewig aan hersiening met die moontlikheid om herroep te word. Waterdruk kan verminder of onderbreek word om waterlekkasies te beperk en kan wisselvallige watervoorsiening veroorsaak.

Vir verdere inligting, besoek www.stellenbosch.gov.za of kontak ons by water.restrictions @stellenbosch.gov.za of by 021 808 8215 of 021 808 8953.